<b>AANBIEDING</b>	<b>VLAK 1</b> Volg 'n onafhanklike en relevante gedagterigting. Het geanaliseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktuureerde opstel. Uitstekende tegniese vaardig-hede en bewyse.	<b>VLAK 2</b> Volg 'n relevante gedagterigting. Het geanaliseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktuureerde opstel. Minder belangrike foute.	<b>VLAK 3</b> Volg 'n relevante gedagterigting. Poog om te analiseer en historiese verklarings te maak. Goed beplande en gestruktuureerde opstel. Strukturele gebreke. Hoë orde vaardighede ontbreek.	<b>VLAK 4</b> Probeer om 'n gedagterigting vol te hou. Poog om te analiseer en historiese verklarings te maak. Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktuureerd.	<b>VLAK 5</b> Probeer om 'n gedagterigting vol te hou. Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas. Poog om te struktureer. Tegniese gebreke.	<b>VLAK 6</b> Gedagterigting word nie volgehou nie. Analise en historiese verklarings soms of glad nie gemaak nie. Geen duidelike struktuur nie.	<b>VLAK 7</b> Geen gedagterigting nie. Geen analise en historiese verklarings gemaak nie. Geen struktuur nie.	<b>VLAK 8</b> Geen poging om die vraag te beantwoord nie.
<b>INHOUD</b>								
<b>VLAK 1</b> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	<b>A+</b> 47 - 50	<b>A</b> 43 - 46	<b>A-</b> 40 - 42					
<b>VLAK 2</b> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie is relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	<b>A</b> 43 - 46	<b>A-</b> 40 - 42	<b>B+</b> 38 - 39					
<b>VLAK 3</b> Vraag in 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant.	<b>B+</b> 38 39	<b>B</b> 36 - 37	<b>B-</b> 35	<b>C+</b> 33 - 34				
<b>VLAK 4</b> Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord. Gebreke tov inhoudseleksie en beheer. Effens onvoltooid en irrelevante inhoudseleksies.			<b>C+</b> 33 - 34	<b>C</b> 31 32	<b>D+</b> 28 - 29			
<b>VLAK 5</b> Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Gebreke t.o.v. omvang en beheer.				<b>C-</b> 30	<b>D</b> 26 - 27	<b>E+</b> 23 - 24		
<b>VLAK 6</b> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					<b>D-</b> 25	<b>E</b> 21 - 22	<b>E-</b> 20	
<b>VLAK 7</b> Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Grootliks irrelevant.						<b>E-</b> 20	<b>F</b> 13 - 19	
<b>VLAK 8</b> Geen relevante inhoudseleksie nie. Heeltemal foutief.				/				<b>G 07 - 12</b> <b>H 00 - 06</b>



- NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM IN GEBRUIK IS.
- KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING Hê AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'n SPESIFIEKE OPSTEL.
- IN DIE ASSESSERING VAN DIE VRYANTWOORD BRONGEBASEERDE VRAE MOET KREDIET GEGEE WORD AAN ENIGE ANDER RELEVANTE RESPONS.

**AFDELING A: OPSTELVRAE****VRAAG 1A: DIE PERIODE 1924 TOT 1948**

Koalisie (1933) en samesmelting (1934) was gebasseer op die begeerte om 'n breër wit eenheid in Suid-Afrika teweeg te bring eerder as 'n eksklusiewe Afrikaner Nasionalisme.

Stem jy saam met die evaluering? Substansieër jou argument met verwysing na die periode 1933 tot 1939.

**SINOPSIS**

Die kandidate moet die stelling assesseer en daarna 'n bepaalde gedagterigting volg. Kandidate moet aantoon of koalisie en samesmelting 'n poging was om 'n gemeenskaplike Suid Afrikaanse identiteit daar te stel en of dit 'n poging was om 'n eksklusiewe Afrikaner nasionalisme te skep.

**(Kandidate mag 'n ander standpunt gee waarvoor krediet gegee moet word.)**

*NB:Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag en vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of verskil en daarna moet hulle aantoon hoe hulle beplan om hul argument te ondersteun.

**UITBREIDING**

- Hertzog se regering het begin om steun te verloor as gevolg van die Groot Depressie; het die goudstandaard verlaat
- Hertzog het geglo dat 'n koalisie regering die ekonomiese probleme van Suid Afrika sou oplos
- Koalisie het die ideologiese verskille (Afrikaner nasionalisme) blootgelê
- Samesmelting het die vorming van die Verenigde Party (breër wit eenheid) gelei
- Ideologiese verskille (Engelse teen Afrikaners) het bly voortbestaan binne die Verenigde party na samesmelting
- Politieke herskikking (Dominium en Gesuiwerde Nasionale Party) het as gevolg van ideologiese verskille voorgekom
- Spanning het geheers tussen Engels –en Afrikaanssprekende Parlementslede ten opsigte van Afrikaner nasionalisme (1938 Eeufees vieringe ens.)
- Spanning binne die VP oor rassebeleide omdat sekere lede teen segregasie gekant was
- Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het ideologiese verskille (neutraliteit teenoor deelname) tot die skeuring van die VP in 1939 gelei.
  
- Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat deur aan te toon hoe koalisie an samesmelting die behoefte was om wit eenheid in Suid Afrika te verkry eerder as om 'n eksklusiewe wit Afrikaner Nasionalisme teweeg te bring of enige ander relevante argument.

**[50]**

## VRAAG 1B: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Alhoewel die 1943 algemene verkiesing gesien was as 'n oorwinning vir 'n jubelende Verenigde Party, was dit inder waarheid die begin van 'n nederlaag wat in die 1948 verkiesing sou kom.

Evalueer die stelling met spesifieke verwysing na die periode 1943 tot 1948.

### SINOPSIS

In die evaluering van hierdie stelling moet kandidate die oorwinning van die VP in 1943 aandui en fokus op hoe die verskeie faktore tot die uiteindelijke nederlaag in die 1948 algemene verkiesing bygedra het.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag en vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskrif van 'feite' is onvoldoende.*

### HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet die stelling evalueer en aandui hoe hulle beplan om hul argument te ondersteun.

### UITBREIDING

- Die 1943 algemene verkiesing – oorwinning deur die Verenigde Party (agtergrond)
- Die VP se ekonomiese beleid (die ekonomie was bevooroordeelde ten gunste van die oorlogspoging)
- Probleme binne die VP (interne probleme en die afname van Smuts se gewildheid na die Tweede Wêreldoorlog)
- Einde van die Tweede Wêreldoorlog en demobilisasie (behandeling van die soldate wat teruggekom het)
- Naoorlogse ekonomiese probleme en arbeidsonrus (stakinge)
- Verstedeliking en die gevolge daarvan
- Vrese van blankes dat hulle beheer sal verloor (Hofmeyer se liberale sienswyse; eise van swart nasionalisme)
- Rassebeleid (VP se gebrek aan 'n duidelike rassebeleid teenoor die NP se beleid van apartheid)
- [Belading van kiesafdelings van die landelike teenoor die stedelike stem]
- Die veranderde internasionale situasie (VVO)
- [Koalisie tussen die NP en die Afrikaner Party en die VP en ander partye]
- Tussenverkiesings (Smuts verloor ondersteuning) – uitslag van die 1948 verkiesing
- Samevatting: Kandidate moet hul gedagterigting saamvat deur te fokus op die verskeie faktore wat die nederlaag van die VP in 1948 gelei het. **[50]**

## VRAAG 2A: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Die versetveldtogte van die 1950's as 'n vorm van protes teen die magtige apartheidsregering was onsuksesvol, maar baie betekenisvol.

Stem jy saam? Bespreek krities.

### SINOPSIS

Kandidate moet aantoon of die verset veldtogte in die 1950's betekenisvol was of nie. Die gedagterigting moet deur relevante bewyse van verset en weerstand teen die apartheidsbewind vanaf 1948 en die 1950's ondersteun word.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag en vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskrif van 'feite' is onvoldoende.***

### HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saamstem of verskil met die stelling en hoe hulle beplan om hul gedagterigting te ondersteun.

### UITBREIDING

- Program van Aksie en die toepaslike veldtogte -
- Die Versetveldtog - 1952
- [Onderwysboikot – 1954]
- Congress Alliance en die Vryheidsmanifes – 1955
- Die Hoogverraadsaak van 1956 as 'n reaksie van die staat op die weerstand
- Die Anti- Pasveldtog deur vroue na die Uniegebou – 1956
- [Die busboikotte – bv. 1957]
- Sommige kan moontlik ander aksies na 1956 insluit bv. Voortdurende proteste teen die uitbreiding van die paswette, SACTU pond-per-dag-veldtog – 1957- 1958
- Samevatting: Kandidate moet hulle argumente saamvat deur aan te dui of die versetveldtogte nie suksesvol was nie, maar betekenisvol.

[50]

**VRAAG 2B: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**

Die apartheidsbewind in die 1960's kon vergewe word om te dink dat dit heeltemal daarin geslaag het om die opposisie magte te vernietig.

(Verklaring deur Jeremy Cronin – Nasionale uitvoerende lid van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, 1986)

Met in agneming van die stelling, verwys na die periode van onderdrukking tussen 1960 en 1976 en bespreek krities of die apartheidsbewind geglo het dat dit daarin geslaag het om die ekstra- parlementêre opposisie volkome te vernietig.

**SINOPSIS**

Kandidate moet die stelling in ag neem en dan 'n geskikte gedagterigting volg. Dié gedagterigting moet ondersteun word deur die verskeie vorme van onderdrukking tussen 1960 en 1976 te beklemtoon en hulle moet krities verduidelik of die apartheidsbewind suksesvol of onsuksesvol was in sy poging.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag en vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskrif van 'feite' is onvoldoende.***

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding - Kandidate moet die stelling analiseer en aandui hoe hulle beplan om hul gedagterigting te ondersteun.

**UITBREIDING**

- Sharpeville (1960) en die apartheidsbewind se respons
- Die verbanning van weerstandsbewegings en opsluitings/detensies
- Die vorming van *Umkhonto we Sizwe* en POQO
- Liliesleaf Plaas en die Rivonia-verhoor
- [Die Algemene Wette (Wysigings-)wet – die bewind se reaksie aantoon]
- Weerstandorganisasies – die African Resistance Movement (ARM), die Swart Bewustheidsbeweging (Black Consciousness Movement – BCM), die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO), die Corobrick staking van 1973, ens.
- Verdere onderdrukking en weerstand bv. Die Soweto- opstand, 1976
- [Wet op Oproerige byeenkomste ('Riotous Assemblies Act'); verdere verbannings; nog 'n Noodtoestand]
- Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat deur die onderdrukking van die apartheidsbewind en die reaksie van die weerstandorganisasies tussen 1960 en 1976 aan te toon.

**[50]**

**VRAAG 3A: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

Ons die vredeliewende mense van Suid-Afrika, sê met een stem aan die res van die wêreld dat ons die visie van 'n verenigde demokratiese Suid-Afrika gebaseer op die wil van die mense, nastreef.

[Verklaring deur die United Democratic Front, 20 Augustus 1983]

In die lig van die bogenoemde, verduidelik hoe die verklaring deur die UDF bygedra het in die stryd om die apartheidsregering in die 1980's tot 'n val te bring.

**SINOPSIS**

Dit word verwag van kandidate om aan te toon hoe die 'vredeliewende mense' van Suid-Afrika 'n betekenisvolle rol gespeel het om die finale dood van die apartheidsbewind in die 1980's teweeg te bring.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag en vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskrif van 'feite' is onvoldoende.***

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet hul respons inlei deur te fokus op die argument en hoe hulle dit sal ondersteun.

**UITBREIDING**

- Repressie en hervorming (1983 grondwet) wat die toon vir weerstand binne die land geskep het
- Weerstand – (aanhoudende massa-aksie; die vorming en rol van die VDF ('UDF') in die weerstand teen hervorming)
- Weerstand – (rol van ander organisasies, bv. Nasionale Forum, AZAPO, 'BCM', woonbuurt/gemeenskap/godsdienstige organisasies, ens. om hervorming teen te staan)
- [Die oplegging van die noodtoestand (redes en reaksie)]
- Die ontstaan van die 'MDM' - 1985
- Internasionale druk (impak van sanksies deur die internasionale gemeenskap)
- Samevatting: Kandidate moet die argument saamvat deur die aktiwiteite van die UDF en ander organisasies wat die politieke aktivisme in die tydperk 1983 – 1990 laat herleef en volgehou het, te beklemtoon.

**[50]**

**VRAAG 3B: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

Terwyl Suid-Afrika in onsekerheid voor die kruispad van ondergang en hoop in Februarie 1990 gestaan het, was dit deur die bedrewenheid van leierskap en onderhandeling dat Suid-Afrika van 'n dreigende ondergang gered was.

Stem jy saam? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse deur te verwys na die periode 1990 - 1994.

**SINOPSIS**

Kandidate moet 'n spesifieke gedagterigting volg en demonstree hoe die proses van leierskap en onderhandeling tussen die verskillende politieke leiers en partye tot die proses van demokratisering in 1994 gelei het.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag en vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskrif van 'feite' is onvoldoende.***

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saamstem / verskil met die stelling en aantoon hoe hulle beplan om hul gedagterigting te ondersteun.

**UITBREIDING**

- De Klerk se toespraak – draaipunt (Februarie 1990)
- 1992 – 'slegs blankes' referendum gehou om vas te stel of hervorming moes aangaan
- Onderhandelingsproses- bymekaar bring van opponente/vyande (bv. Grootte Schuur Minuut, die Pretoria Minuut, CODESA I & II, ens.)
- Hindernisse tot oorgang/onderhandelinge, bv. te voorskyn kom van 'COSAG', geweld in Boipatong, Natal en elders, regsgesinde aktiwiteite, die rol van APLA en die dood van Chris Hani (toon hoe dat dit bykans die onderhandelingsproses laat ontspoor het)
- Politieke magspel, botsing van persoonlikhede/ werksverhoudinge (Mandela - De Klerk; Buthelezi; regsgesinde organisasies) – impak op die onderhandelingsproses en die bedrewenheid van leierskap.
- Rol van onderhandelaars soos Cyril Ramaphosa en Roelf Meyer om die proses van onderhandeling (kompromie en verbintenis).
- Die eerste demokratiese verkiesing van April 1994 (einde van apartheid)
- Samevatting: Kandidate moet hul argumente saamvat deur aan te dui hoe die oorgang tot demokrasie deur die proses van onderhandeling en die bedrewenheid van goeie leierskap verkry is. [50]

**AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE****DIE NASIEN VAN BRONGEBASEERDE VRAE**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie.
- In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraagstelling aangedui in kursiefgedrukte skrif.

**VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAAGSTELLING**

<b>VLAK 1 (V 1)</b>	Seleksie/ onttrekking van inligting uit bronne.
<b>VLAK 2 (V 2)</b>	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
<b>VLAK 3 (V 3)</b>	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van meer as een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
<b>VLAK 4 (V 4)</b>	Komplekse interpretasies wat dikwels meer as een bron behels. Hierdie vrae konsentreer op aspekte soos bevooroordeeldheid, betroubaarheid, die gebruik van organiseringsbegrippe (ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg, chronologie; verandering en kontinuïteit) om kontraste, vergelykings en verskillende standpunte te verduidelik en as 'n finale stap om hierdie insigte aan te wend om 'n paragraaf te skryf of, met ander woorde, om 'n stukkie geskiedenis te skryf wat gebaseer is op bewyse uit die bronne.



**VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948****4.1 HOE HET VAKBOND UNIONISME IN SUID AFRIKA DIE WERKERS SE STRYD IN DIE 1940s BEÏNVLOED ?**4.1.1 a) *[Onttrek inligting uit Bron 4A – V1]*

- Wetgewing het nie swart vakbonde toegelaat nie
  - Die regering het nie swart vakbonde erken nie
- (2 x 1)

b) *[Onttrek inligting uit Bron 4 A – V1]*

- Het geweier om met die lekkergoed fabriek saam te werk
  - Het met 'n verbruikersstaking begin
  - Stakings deur wit werkers
  - Bondgenootskap tussen wit en swart werkers
- (2 x 1)

c) *[Interpretasie van inligting uit Bron 4A – V3]*

- Eienaars het bedreigd gevoel
  - Het tot 'n afname in winste gelei
  - Werkerseenheid kon lei tot 'n aandrang/eis na hoër salarisse
- (enige 2 x 2)

4.1.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 4B – V3]*

- Kandidate moet hul antwoorde verduidelik:  
**Standpunt een – Standpunt van die werkers**
  - Verbetering van die werksomstandighede
  - Eis hoër salarisse
  - Beskerming van werkersregte
- (1 x 2)

**Standpunt twee – Standpunt van die Bestuur**

- Hulle het geweier om die eise van die werkers te erken
  - Wou nie die ontwrigting van die werkplek toelaat nie
- ( 1 x 2)

4.1.3 a) *[Interpretasie van inligting uit Bronne 4B en 4C – V3]*

- Die foto reflekteer die eise wat in standpunt een gemaak is
  - Profyte (standpunt een) word op die banier vertoon
  - Mense word uitgebuit om die bestuur te verrryk
- (enige 2 x 2)

b) *[Interpretasie van inligting uit Bron 4B – V3]*

- Om die uitbuiting van die werkers by die OK na vore te bring
  - Om die publiek bewus te maak van werkersekspluitasie/uitbuiting
  - Wys dat wit vroue ook in unie aktiwiteite betrokke was
- (enige 1 x 2)

4.1.4 a) *[Interpretasie van inligting uit Bron 4D – V2]*

- Die wet in Suid-Afrika maak nie voorsiening vir kleurlinge om deel van 'n wit unie te wees nie
- Die beleid van rasse diskriminasie
- Verseker eenheid onder leiers en werkers
- Enige ander respons (enige 1 x 2)

b) *[Interpretasie van inligting uit Bron 4D – V2]*

- Die vrees om hul werke te verloor
- Die salarisse mag gesny word
- Gekant teen rasse vermenging (enige 1 x 2)

c) *[Interpretasie van inligting uit Bron 4D – V3]***Geregverdig**

- Witwerkers het bedreigd gevoel
- Hul werke sou verseker wees
- Salarisse sou ongeskonde/ intak bly

**Nie geregverdig**

- Rasse diskriminasie
- Werkloosheid van kleurlinge
- Negatiewe impak op gesinslewe en sosiale omstandighede (enige 2 x 2)

d) *[Interpretasie van inligting uit Bron 4D – V2]*

- Negatiewe publisiteit " Wit beskawing in gevaar" (die rasse kaart)
- Die Nederlands Gereformeerde kerk het publieke vergaderings georganiseer om teen rassevermenging op die fabrieksvloer te protesteer
- Die Klere Werkersunie is in die Parlement aangeval
- Die pamflet " Wit Suid-Afrika, Red Jousef" (enige 1 x 2)

e) *[Onttrekking van inligting uit Bron 4D – V1]*

- Die pamflette was diskriminerend
- Die pamflette het rasse vyandigheid aangehits (2 x 1)

4.1.5 *[Interpretasie van inligting uit Bronne 4A en 4D – V3]*

- Bron 4A beskryf die solidariteit tussen swart en witwerkers
- Oorwinning behaal as 'n resultaat van eenheid
- Bron 4D toon rass spanning tussen wit en kleurlingwerkers aan
- Beskerming van die belange van witwerkers en toon wit solidariteit aan (enige 2 x 2)

## 4.1.6 [Interpretasie van inligting uit alle bronne – V2]

- Om werksomstandighede te verbeter
- Om salarisse te verbeter
- 'n Gemeenskaplike verstandhouding en verenigde front oor werkerssake
- Om te verenig in hul stryd teen die fabriekseienaars (enige 2 x 2)

## 4.1.7 [Onttrek en ontleed inligting en organiseer dit in 'n paragraaf – V4]

Die paragraaf moet op die bewyse/inligting gebaseer uit die bronne verkry wees en moet op die volgende aspekte fokus:

- Die belangrikheid van werkerseenheid (vakbonde)
- Die rol van vakbonde om werksomstandighede, salarisse en belange rondom menseregte te verbeter.
- Unies was 'n katalisator vir toekomstige unies om werkersaksies/optredes te versterk
- Werkersaksies- opstande teen kapitaliste
- Uitbuiting van werkers

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.</li> <li>• Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp skryf nie.</li> </ul>	0 – 4 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en bewyse wat onttrek is hou in 'n groot mate verband met die onderwerp.</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse.</li> </ul>	5 – 8 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek relevante bewyse uit bronne</li> <li>• Bewyse wat onttrek is hou baie goed verband met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit al die bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon 'n begrip van die onderwerp.</li> </ul>	9 – 12 punte

(12)  
[50]

**VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976****5.1 WAAROM WAS DIE VROUE SE OPTOG NA DIE UNIEGEBOU IN 1956 BETEKENISVOL IN DIE VRYHEIDSSTRYD?**5.1.1 a) *[Onttrek inligting/bewyse uit Bron 5A – V1]*

- Om teen die paswette te protesteer
- Om eenheid en solidariteit onder vroue teen die apartheidsregering te bewys (2 x 1)

b) *[Interpretasie van inligting/bewyse uit Bron 5A – V2]*

- Die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue (FEDSAW) het 'n gesamentlike werkskomitee begin om die anti-pas veldtog te ko-ordineer
- Vroue het verskeie georganiseerde netwerke gestig
- Het gereelde vergaderings gehou om hul te beplan en strategieë rondom hul aksies uit te werk (enige 1 x 2)

c) *[Interpretasie van Bron 5A – V2]*

Die NUK het gevoel dat vroue was:

- Onbevoeg om 'n optog te beplan en te organiseer
- Te ambisieus (2 x 2)

d) *[Ontleding en evaluering van Bron 5A – V3]*

Sisulu was:

- Onbevooroordeeld ("Open minded")
- Het in die beginsels van demokrasie/ nie – seksisme geglo en toegepas
- Het gevoel dat vroue het die potential om te beplan en te organiseer (geloof in vroue) (enige 2 x 2)

e) *[Ontleding en evaluering van inligting/bewyse uit Bron 5A – V4]*

- Die optog het bewys dat vroue was instaat om te organiseer en om 'n taak soos die vroue optog van 1956 uit te voer.
- Die leiers van die optog het bewys dat hulle uitstekende leierskapsvaardighede het.
- Was instaat om 20000 vroue van alle rasse bymekaar te bring vir 'n optog na die Unie Geboue
- Die optog was vreedsaam en was 'n simboliese oorwinning vir vroue
- Het 'n betekenisvolle impak op die stryd vir die bevryding van vroue gehad (enige 2 x 2)

f) *[Interpretasie van Bron 5A – V2]*

- Vroue het vir hul eie reisgeld betaal om die optog in Pretoria by te woon
- Sommige vroue het geld bymekaar gemaak en 'n hele passasierswa gehuur
- Sommige vroue het hul persoonlike besittings verkoop om na die optog te gaan (enige 2 x 1)

5.1.2 a) *[Interpretasie van Inligting/bewyse uit Bron 5B – V2]*

- Helen Joseph het opgemerk dat die volgende vroue was gekies om die optog te lei (swart, Indiër, Kleurling en haarself/ wit)
- Dorothy Zihlangu maak melding van die woord 'ons' – dit het die insluiting van alle rasse voorgestel (enige 1 x 2)

b) *[Interpreteer die betroubaarheid van inligting in Bron 5B – V4]*

Beide verklarings is betroubaar om die stemming van die tyd uit te wys:

**Verklaring 1:**

- Helen Joseph vermeld dat 20000 vroue van alle rasse vir 30 minute in 'n verenigde wyse met hul vuiste omhoog saam gestaan het
- Dit het 'n gevoel van solidariteit en eenheid getoon (1 x 2)

**Verklaring 2:**

- Dorothy Zihlangu vermeld dat vroue was verenig in hul stemming/ bui en gees van uitdaging/oortreding
- Hulle het vir 30 minute saamgestaan in stille protes
- Hierdie optrede het getoon dat vroue was sterk en gedetermineer in hul voorneme teen diskriminasie

(Indien 'n kandidaat vermeld dat die bronne onbetroubaar is, moet hy/ sy hul argument met relevante bewyse kan ondersteun en demonstreeer.)

(1 x 2)

c) *[Ontleding en evaluering van inligting/ bewyse uit Bron 5B – V3]*

Kandidate mag 'n standpunt (suksesvol of onsuksesvol) inneem en hul antwoord moet met die relevante bewyse ondersteun word:

**Suksesvol: gebruik eie kennis en gevolgtrekkings**

- Lede van FEDSAW het geglo dat die optog was 'n oorwinning omdat 20000 vroue dit bygewoon het
- Gedurende die optog was daar 'n groot gevoel van eenheid en solidariteit onder die vroue
- Die leiers van die optog het geglo dat die optog 'n morele oorwinning teen die instelling van die paswette deur die apartheidsregering, was

**Onsuksesvol: gebruik eie kennis en gevolgtrekkings**

- Alhoewel die vroue na die Uniegeboue marsjeer het, het Strijdom geweier om aan hulle gehoor te gee/ hy was nie daar nie
- Hy het nie hul petisies aanvaar nie
- Die paswette was nie teruggetrek nie (enige 2 x 2)

5.1.3 *[Onttrekking van bewyse/inligting uit Bron 5C – L1]*

- Huise en gesinne sou verbrokkel omdat vroue onder die paswette gearrester sou word
- Kinders sou sonder toesig wees
- Vroue en kinders was verneder deur die polisie (deursoeking)
- Vroue het hul basiese reg van vryheid van beweging verloor (enige 2 x 1)

5.1.4 *[Ontleding en interpretering van bewyse/inligting in Bron 5B en 5C – L3]*

Nee, omdat:

- Strijdom was nie daar nie
- Hy het nie die paswette teruggetrek nie ondanks die 'mag en sterkte' van die vroue se optog in 1956 (2 x 2)

5.1.5 *[Interpretasie en verduideliking van bewyse/inligting in Bron 5D - L3]*

- 'n Historikus gebruik verskillende dele van bewyse om 'n argument saam te stel
- Daarom is 'n enkele bron (bv. 'n foto) onvoldoende om 'n geldige oordeel oor die geskiedenis van die 1956 vroueoptog te maak.
- Die foto verskaf beperkende inligting oor die rol van die verskillende vroue wat aan die optog deelgeneem het
- Kwaliteit van die bron is nie goed nie (name en foto's is nie duidelik nie)
- Enige ander relevante punt (3 x 2)

5.1.5 *[Samestelling, interpretering en ontleding van bewyse/inligting uit bronne 5A – 5D en gebruik van eie kennis om oor die onderwerp te kommunikeer – V4]*

Die paragraaf moet gebaseer wees op bewyse uit die bronne en die kandidate se eie kennis en moet fokus op die volgende aspekte:

- Die rol en betekenis in die vorming van FEDSAW om die vroue te verenig in die stryd teen die paswette
- Die belangrikheid van die ondertekeninge van petisies teen die paswette
- Die eenheid en solidariteit wat vroue getoon het in hul optog na die Uniegeboue in 1956
- Die belangrikheid van die 1956 optog vir vroueregte en fraterniteit/broederskap
- Die impak van die optog op die breër stryd vir vryheid en demokrasie
- Vroue het die vermoë om te organiseer sonder die hulp van mans
- Enige ander relevante punt

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse</li> <li>• Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp skryf nie</li> </ul>	0 – 3 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en bewyse wat onttrek is moet in 'n groot mate verband hou met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse</li> </ul>	4 – 6 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek relevante bewyse uit bronne</li> <li>• Bewyse wat onttrek is hou baie goed met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.</li> </ul>	7 – 10 punte

(10)  
[50]

**VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994****6.1 WAT WAS DIE UITDAGINGS WAT SUID-AFRIKA IN DIE GESIG MOES STAAR OP SY WEG NA DIE EERSTE DEMOKRATIESE VERKIESING IN 1994?****6.1.1 a) [Interpretasie van Bron 6A – V2]**

- Suid-Afrikaners was ontnugter oor die aanhoudende geweld
- Die toekoms het duister/hopeloos gelyk
- Onderhandelinge en gesprekvoering tussen die verskeie politieke partye het tot 'n stilstand gekom (enige 2 x 1)

**b) [Evaluering van bewyse/ inligting in Bron 6A – V4]**

Kandidate mag 'n spesifieke standpunt inneem en moet hul antwoord met relevante bewyse ondersteun:

**Ja**

- Slovo se voorstel het 'n einde gebring aan die dooie punt met betrekking tot die politieke onderhandelinge
- Voorstelle wat gemaak is het aan die Nasionale Party die geleentheid gegee om oor Suid-Afrika se toekoms te wil onderhandel
- Onderhandelinge het gelei tot die geleidelike beeëindiging van geweld en politieke onverdraagsaamheid
- Vrees vir wittes verhoog

**Nee**

- Slovo se voorstel van magsdeling het beteken dat daar met die Nasionale Party en sy geallieerdes saamgewerk moet word
- Aktiviste het vir vryheid geveg en hul visie van 'n eenparty staat sou gekompromiteer word
- Was nie gelukkig om Suid-Afrika en die land se bronne met die vorige vyand te deel nie (Nasionale Party) (enige 2 x 2)

**c) [Onttrekking van bewyse uit Bron 6A – V1]**

- Om 'n einde te bring aan die dooie punt tussen die Nasionale Party en die ANC
- Die ANC het tot 'n kompromie gekom oor die kwessie van algehele oorgawe van mag na 'n korttermyn magsdeling met die Nasionale Party
- Hulle wou Suid-Afrika gesamentlik regeer na die verkiesing
- Het geglo in die konsep van koöperatiewe beheer
- Belowe dat amnestie aan soldate en polisie gegee sou word
- Die werke van staatsamptenare is gewaarborg
- Belowe dat die betaling van pensioene en ander geassosieerde betalings gedoen sou word (enige 4 x 1)



d) [Ontleding en interpretasie van bewyse in Bron 6A – V3]

- Die ANC het sy lidmate ingelig omtrent die belangrike besluit wat geneem is om met die onderhandelingsproses te begin
- Dit was 'n merkbare breek in hul mening van die gewapende stryd om te begin met die onderhandelingsproses en magsdeling met die Nasionale Party
- Meedeling van hul kieserskorps omdat hulle graag hul onverdeelde steun wou hê
- Enige ander relevante respons

(enige 2 x 2)

6.1.2 [Interpretasie van bewyse/inligting uit Bron 6B – V2]

- Winnie Mandela het gevoel dat die onderhandelingsproses nie die massas in die besluitnemingsproses betrek nie
- Die proses van onderhandeling mag slegs op die belange van die elite (minderheid groep) fokus
- Onderhandelinge mag slegs 'n klein groep bevoordeel
- Dit kon tot geweld, weerstand en protesaksie lei
- Lei tot die skepping van 'n nuwe klas van elites wat dieselfde belange as die Nasionale Party sou hê
- ANC en NP was vyande

(enige 2 x 2)

6.1.3 [Vergelyking van bewyse in Bronne 6A en 6B – V3]

- Joe Slovo wou hê dat die proses van onderhandelinge moes aangaan terwyl
- Winnie Mandela het gevoel dat magsdeling sonder genoegsame konsultasie met die massas sou lei tot 'n elite (elitist) regering wat slegs na die belange van 'n klein groep sou omsien

(2 X 2)

6.1.4 [Evaluering en ontleding van bewyse/inligting uit Bron 6B – V4]

- Winnie Mandela se woorde word as profeties (korrek) deur baie politieke analiseerders gesien
- Sy het korrek voorspel dat die nuwe (huidiglik die ANC) regerende elite sal slegs die belange van 'n klein groep bedien terwyl die massas sonder hulp gelaat word
- Huidiglik ervaar Suid-Afrika 'n toename in werkloosheid en verwante sosiale probleme
- Daar is burgerlike ongehoorsaamheid as gevolg van die gebrek aan dienslewering
- Enige ander relevante punt of ander standpunt

(enige 2 x 2)

## 6.1.5 a) [Uittreksel van bewyse uit Bron 6C – V1]

- Die 1994 verkiesing het 'n nuwe era van demokrasie in Suid-Afrika ingelei
- Die verkiesing het 'n einde gebring aan die apartheidsbewind (regering) en vryheid teweeggebring
- Dit het aan Suid-Afrika 'n gevoel van hoop en optimisme gegee
- Het besef dat hul aspirasies en drome wat hulle gehad het beskerm moes word

(enige 2 x 1)

## b) [Interpretasie van bewyse uit Bron 6C – V2]

- Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin leef (beide wit en swart)
- Na 1994 was daar gevoel van eenheid en nasieskap in Suid-Afrika

(enige 1 x 2)

## d) [Interpretasie en ekstrapolering van bewyse uit Bron 6C – V4]

- Kwazulu-Natal was polities onstabiel en derdemag geweld en daarom het Mandela sy stem hier uitgebring ter wille van vrede
- Om die verkiesingskans van die ANC teen Inkatha te versterk omdat dit die realisering van 'n lang gekoesterde ideaal van die stigter van die ANC was
- Mandela het die skool verkies omdat die eerste president van die ANC - J.L. Dube die skool gebou het en ook hier begrawe is

(enige 1 x 2)

## 6.1.6 [Vergelyk die inligting tussen Bronne 6C en 6D – V3]

Beide Bronne 6C en 6D komplimenteer mekaar baie goed en kandidate moet na albei bronne verwys:

- Bron 6C fokus op Mandela wat sy stem vir die eerste keer uitbring en hy verklaar dat hierdie demokratiese verkiesing 'n nuwe begin vir alle Suid-Afrikaners
- In Bron 6D berig Makhanya dat hy oorweldig was met blydschap toe hy vir die eerste keer sy stem uitgebring het en vir Mandela of die ANC gestem het
- Beide Bronne 6C en 6D fokus op mense se ondervindinge tydens stemming en waarom dit 'n draaipunt vir beide Mandela en Makhanya was
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2)

## 6.1.7 [Interpreteer die betroubaarheid van Bron 6D – V4]

- Bron 6D is redelik betroubaar omdat baie Suid-Afrikaners (beide swart en wit) was opgewonde en emosioneel omtrent die eerste demokratiese verkiesing
- Bron 6D eggo die gevoelens van die meeste vryheidliewende Suid-Afrikaners en het tot die begin van 'n demokratiese dispensasie gelei
- Hy was 'n gerespekteerde joernalis en 'n ooggetuie

(enige 2 x 2)

## 6.1.8 [Sintese, interpretasie en ontleding van bewyse van al die bronne en die kommunikasie van eie kennis oor die onderwerp – V4]

Die kandidaat se antwoord moet fokus op die volgende aspekte:

- Suid-Afrika was 'n verdeelde en gefragmenteerde nasie voor 1994
- 1994 dui op 'n nuwe begin (die einde van apartheid en die begin van 'n nuwe nasie)
- Einde van vyandelikheid/geweld (geboorte van 'n nuwe era)

- Alle inwoners het stemreg; toegelaat om te stem vir die eerste keer vir 'n demokratiese regering
- Gevoel van vryheid en demokrasie (mense se emosies)
- Skep die gees van nasiebou en eenheid
- Nuwe vlag/ volkslied (nasionale simbole) – het gelei tot die vereniging van die nasie
- Enige ander relevante punt

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse</li> <li>• Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp skryf nie</li> </ul>	0 – 3 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en bewyse wat onttrek is moet in 'n groot mate verband hou met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse</li> </ul>	4 – 6 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek relevante bewyse uit bronne</li> <li>• Bewyse wat onttrek is hou baie goed met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.</li> </ul>	7 – 10 punte

(10)

[50]

**TOTAAL: 200**